

Mediaverklaring

BELAB skep net verdere burokratiese rompslomp

2022/06/10

Indien die voorstelle in die Wysigingswetsontwerp op Basiese Onderwys (oftewel die BELAB) wet word, sal dit die reeds enorme administratiewe las op skoolbeheerliggame (SBL'e), die skool en die nasionale en provinsiale onderwysdepartemente selfs swaarder maak.

Dit is een van die kommentare wat die Solidariteit Skoleondersteuningsentrum (SOS) vandag as deel van hulle amptelike reaksie op die wetsontwerp by die parlementêre portefeuljekomitee oor basiese onderwys ingedien het.

Die wetsontwerp stel verskeie bykomende administratiewe take voor, onder meer die vereiste dat die provinsiale onderwyshoof (HOD) telkens toestemming moet gee voordat skole sekere besluite kan neem. "Die besluitnemingsvermoë in hierdie gevalle het vantevore volkome by skoolbeheerliggame berus, maar nou sal 'n aangestelde amptenaar die laaste sê hê," sê Leon Fourie, uitvoerende hoof van die SOS.

"Een voorbeeld hiervan is die vasstelling van 'n skool se taalbeleid. Die SBL bepaal die skool se taalbeleid en stel dit op. Die wetsontwerp skryf egter voor dat dit nou eers vir goedkeuring aan die HOD gestuur moet word. Indien die SBL met die HOD se terugvoer of direkte verskil, moet hy dan eers weer appelleer."

'n Vergelykende ontleding van die administratiewe las ingevolge die bestaande Skolewet en die BELAB toon 'n enorme toename van 53% in administratiewe pligte (van 331 take tot 506). Dit sal bykomende kapasiteit (en koste) van die departement verg én meer druk op reeds oorlaaide skole plaas. Onlangse navorsing deur die SOS dui juis daarop dat die onbillike en meestal onnodige administratiewe las die grootste stresfaktor is wat onderwysers die beroep laat verlaat.

Die SOS en Solidariteit het in 2017 reeds meer as 105 000 besware teen die beplande wetswysigings by die portefeuljekomitee ingedien. Tog is die grootste probleme in die BELAB steeds daar. Die enkele positiewe voorgestelde wysigings is ongelukkig nutteloos as die probleme nie reggestel word nie.

Veral artikel 5 en 6 van die BELAB maak ernstig inbreuk op gemeenskappe se reg op inspraak in hulle kinders se opvoeding. In 'n duidelike ondermyning van beheerliggame se demokratiese rol en grondwetlike regte maak dié bepalings die provinsiale onderwyshoof ('n aangestelde amptenaar) en die Lid van die Uitvoerende Komitee vir onderwys ('n politieke amptenaar) die finale besluitnemers oor taal en toelatings in skole.

Hoewel dit vermom word as 'n strewe na beter skoolbestuur, is die voorstelle 'n poging tot die sentralisering van mag om die ANC-regering 'n manier te bied om hulle eie sosiopolitieke agenda op skole af te druk. Bepalings wat Afrikaanse onderrig inkort en skoolbeheerliggame se reg op die

bepaling van hulle taal- en toelatingsbeleid en selfstandige besluitneming kortwiek, is ongrondwetlik en moet geskrap word.

Skole en lede van die publiek word aangemoedig om aan massaveldtogte teen die BELAB deel te neem, maar behoort ook individueel teen die wysigings kapsie te maak. Die getal besware teen die wysigings is net so belangrik as die inhoud van die besware.

Dr. Dirk Hermann, bestuurshoof van Solidariteit, sê: "Aan die een kant moet ons kliphard veg om die staat se kaping van skole te keer. Aan die ander kant moet ons kliphard bou aan 'n selfstandige wêreldklasskoolstelsel om volhoubare Afrikaanse onderwys te verseker. Daar bestaan reeds wonderlike inisiatiewe, maar ons sal baie groter moet dink."

Vir alle medianavrae:



Sarina Prinsloo

Skakelbeampte

012 612 0234

072 123 1707

sarina@skole.co.za

Von Willichlaan 284, Die Hoewes, Centurion

skole.co.za



012 612 0234
admin@skole.co.za
Von Willichlaan 284, Die Hoewes, Centurion

www.skole.co.za

